19 Januarie 2022

Geagte Ouers/Voogde

Na vele oorweging is besluit om die HUISSPORTBYEENKOMS op Dinsdag 25 Januarie 2022 te laat plaasvind. Ons vertrou dat die weervoorspelling ons nie in die steek sal laat nie.

Die byeenkoms sal te Hoërskool Driehoek plaasvind en die reëlings is as volg:

- Die hek in Prinsloostraat open om 07:00. Kollegepark personeel sal die hek beman Daar is hoërskoolleerders wat ook van hierdie hek gebruik maak en daarom waarsku ons dat die verkeer druk kan wees.
- Ouers sal toegelaat word om binne die skoolterrein te parkeer deur ook van die hek in Prinsloostraat gebruik te maak. Indien u binne die skoolterrein parkeer, sal dit R10-00 per motor kos.
- Die program begin stiptelik om 08:00.
- 'n Verkorte program, wat die items van die graad RR- tot graad 3- leerders se items aandui, sal aan elke graad RR- tot 3-leerder gegee word. U as ouer kan dan sien wanneer u kind deelneem en mag u kind saam met u huis toe neem na afloop van die item.
- Die atlete vanaf graad 4 tot 7, wat moet deelneem, sal elkeen 'n program ontvang, asook 'n skrywe met die items waaraan hulle deelneem.
- Die graad RR, R, 1, 2 en 3-maatjies se onderwyseresse sal elkeen op hulle groepies reëlings tref, sodat die maatjies weet waar om Juffrou te ontmoet.
- Nie-atlete gaan weer die geleentheid kry om die gees van atletiek te ervaar en ons atlete van die paviljoen af aan te moedig.
- Die byeenkoms eindig om 13:00 en leerders kan weer in Prinsloostraat opgelaai word.
- Daar sal 'n snoepie wees waar leerders verversings en kos kan koop.

Indien dit Dinsdagoggend reën, is dit 'n gewone skooldag.

Dankie vir u begrip in die verband.

Groete
Mnr. C. Herbst